Hoofstuk 5:
Dit gebeur wat vader sekerlik voor gebid en wou gehad het (1945-1949)

" Moenie skrik nie- dit is iets wat gekom het na amper jarelange worsteling met geen uitslag of einde in wat moes gebeur nie met net hier en daar van aanduidings dat dit die weg is. Maar die laaste maande het die besluit gekom , eers los en onseker, en toe vaster en duideliker, totdat dit vandag finaal is- en as God my daartoe help , soos ek verwag dat Hy sal- dan sal die aanhoudende gebede van vader verhoor wees. Ek gaan, sodra as die dinge verby is, Universiteit toe om predikant te word. Nou het ek die begeerte daartoe, die lus daarvoor en ek voel dat dit die roeping is wat God vir my, die onwaardige in Sy Raadsplan beplan het. Ek sidder alleen vir een ding- my eie kleinlikheid, en ek die nietige en onreine en swakke in diens van die ewige Almagtige God- die God wat ons vader langs wonderlike weë gelei het en uiteindelik gebring het tot sy diens. En nou kan ek miskien die waaroms verstaan van als wat met my die afgelope vier jaar gebeur het…."



Brief gedateer 18 Feb.1944 aan suster An – p.7. Dit waarvoor vader in 1933 gebid en gevra het- hoe aangrypend om sy seun 10 jaar later daaroor te hoor praat,

Pasch soos hy in Februarie 1945 daar uitgesien het. Goed versorg met die begin van dit wat hy

'n Lewe wat koers kry…

Dié tyd van doelgerigte studie, sonder om weer te aarsel, weer gedwonge te moet voel, weer te wil terugval het nou begin. Daar was vir Pasch nou net één roeping en dit is om voluit in diens van God te wil staan. Hoeveel gebede en gesprekke aanleiding kon gee tot wat nou 'n werklikheid geword het, sal niemand ooit kan meet nie…Hulle wat vroeër hom so aangemoedig het, sy vader, en veral dan ook sy oudste suster se plek op aarde was nou leeg, maar tog sou hy nooit kon vergeet hoe hulle daarna verlang het na dit wat hy nou met ware erns en toegewydheid begin het nie.

En wat opval in hierdie tyd is nie net die studies wat koers kry nie, maar ten einde laaste kry hy en Leenster se verhouding 'n gerigte en sterker koers. In 1944 was dit in alle geval eintlik vir hom maar net nog sý! Hoe het hy dit vir sy suster An, wat ons reeds vermoed baie siek was gestel, en kort na hierdie brief sou sterwe- of sy dit ooit self kon lees weet mens nie- maar vra hy- "Hoe

gaan dit met Leenster? Met die beste wil van die wêreld kan ek haar maar nie vergeet nie. Ek ontmoet hier (Kalkfeld-omgewing- Namibië) baie ander dames…maar kan maar niemand kry wat haar plek kan inneem nie…"

Haar plek, met hom terug in Potchefstroom het binne weke baie nader aan hom begin skuif. Al wou sy kort voor Pasch se terugkeer op sy uitnodiging (en betaling!) nie na hom in Suid-Wes kom nie, wil ons aanvaar was in hierdie weiering eintlik reeds die erkenning ingebou van dié mooi dinge wat hierdie verhouding nou sou word…Dit lyk haar laaste huiwering teenoor hom ooit te wees! Haar onderwys-rigting het wel begin, tog wou dit ook gou lyk dit nie haar rigting moes wees nie.

In 1946 met Pasch se eerste jaar op Teologiese Skool nou ook agte die rug, het hierdie jaar 1946 vir hulle albei groot dinge ingehou. Briewe uit daardie tyd wys op twee, ja eintlik drie dinge.

Wittebroodtyd- Januarie 1947-

Mev. Leenster Pasch- Op die trappe van die nuwe rigting in haar lewe- verlowing In besonder

Verlowing en huwelik

Dieselfde jaar, dit moes in die middel van Augustus 1946 rond gewees het- raak sy en Pasch verloof.[1] Haar briewe word nou soos "bombardemente" soos hulle op mekaar volg, (vroeër was hierdie briewe maar skaars!) van hoe gelukkig sy is, watter besondere ring sy nou mag dra, en waarlik kan mens sê- die meisiekind wat Pasch as skoolkind in Nylstroom begin liefkry het, het nou groot geword. Haar briewe getuig nou van 'n sekerheid oor hierdie verhouding soos nog nooit tevore nie…Dit was dan

[1] Haar broer skryf aan haar op 23 Augustus 1946, nou ook nie meer uit Kaapstad nie, maar vanaf Oos-London, 'n pragtige brief om hulle met hul verlowing geluk te wens. Dit is dieselfde broer wat die vlugteling Pasch-toe nog Hannes- en hy "Jagter" in Kaapstad "skelm" ontmoet het. Skelm het hy seker ook maar altyd bly hoop dat dinge tussen Pasch en sy suster weer sal regkom…Hy skryf o.a. "Dis jammer dat ek julle twee nie eers 'n bietjie saam en alleen 'n vaderlike woordjie kon toevoeg en julle terdeë onder die erns van die stap kon bring nie maar ek hoop nie Pa het Pa se plig versuim om julle 'n goeie preek te gee toe julle dit durf waag hetom die ouerlike toestemming te kry nie. Ek hoop maar ek kry my kans om julle te spreek voor dat julle die gewigtige stap neem.

ook nie lank nie, Desember 1946 lui die huweliks klokke vir hulle twee, waar hulle op 14 Desember 1946 in die Paul Kruger kerk, (Pretoria) in die huwelik bevestig word.

Hy met nog drie jaar studies voor, maar het hulle verhouding al soveel keer moes terugstaan, dat dit werklik nou tyd was dat die verhouding nie weer voor iets-al is dit studies-mag terugstaan nie! Begin 1947, sopas getroud, en sy begin ook weer te studeer-ook weg van die onderwys- in 'n mediese rigting- spesiaal om in die geboortes van kinders 'n verpleegster (kraamsuster) te wees[2].

Studies wat einde se kant toe staan

'n Brief uit Bloupanholte gee moontlik 'n goeie weergawe van hoe dit vir Pasch in Potchefstroom sou wees. 'n Jan en tante Hester skryf aan hom- Liewe Pasch…"Jy het seker baie werk om te doen en is seker baie besig? Want die tyd vlieg om en alles gaan soos 'n droom virby…"30 April 1947 skryf die nou mev. Pasch vanaf die Moedersbond in Beatrixstraat- Dit gaan goed. Daan en Lena het my vanmiddag omtrent 4-uur gebring…My kamermaat is 'n mev. Joubert; vroutjie van 'n prokureur of advokaat van Tzaneen wat my baie bejammer oor ek predikant vrou word, maar origens lyk sy gaaf. Sy het 'n seun van 13 maar lyk jonk en is opgewek en naief van geaardheid. Sy sal my seker baie laat lag met haar dom astrantheid teenoor die gesaghebbendes…"

Die volgende brief 10 Feb.1948 is Leenster en Boet (Pasch) in Matlabas. Pasch se suster Babie skryf waarin sy ook hulle met hulle verjaarsdae geluk gewens het … "Boet-… Dis ons opregte en innige wens dat julle saam nog baie geluk, liefde, arbeid en voorspoed mag geniet in die jaar wat voorlê. Julle twee het soveel groots aangepak en tot dusver met soveel moed deurgedruk dat ek glo dat in die toekoms julle nog sal volhard en julle werk met sukses sal bekroon word…"Sy skryf dan verder spesifiek aan haar skoonsuster—"Leenster ons sal duim vashou vir jou naderende eksamen. Dit gee mens moed om te weet dis die finale een. Mag dit sommer baie puik gaan! Wil jy nie hier kom werk nie[3]?Hier word 'n nuwe kraaminrigting gebou en hulle soek staf. Dit sal tog alte gaaf wees… Peet en Babie"

Foto in 1949 geneem- Pasch se finale jaar in die klas van Totius wat besig is om klas te gee- Omkringde by venster lyk vir skrywer na Pasch.1949 was ook Totius se jaar van emeritaat. Watter voorreg vir Pasch om dan ook van die laastes te wees wat by hierdie besonder begenadigde dienskneg van die Here klas te kon ontvang.

Die laaste brief van Pasch se studentedae in besit van skrywer, ook van Babie geskryf- 30 Nov. 1949, nou nie meer van Potgietersrus nie, maar skryf sy van Salisbury in Suid-Rhodesië. (Vandag Harare Zimbabwe)- …Liefste Leenster en Gert…Met Anna

[2] Min wetende dat paar jaar later juis met die geboorte van hulle eerste kind, juis dinge in die "kraamsaal" só verkeerd sou loop…

[3] Op daardie stadium was Peet predikant van die Gerf. kerk Potgietersrus. Dis waar die nuwe kraaminrigting in aanbou sou wees …

Pasch[4]gaan dit redelik goed, hoewel maer en sonder eetlus en iesegrimmig. Sy is net baie in haar skik dat haar bene eindelik lank genoeg geword het om haar fiets te trap. En tot ons leedwese het sy self al 'n paar Engelse woorde geleer- by die bediensdes. Peet is so dankbaar dat Engels hier die kombuistaal is! En sy onthou oom Gert en die treinepisode goed. Nou die dag sien sy 'n kaalkop man, ook lank en sy s Daar's oom Gert. Sy wys mense op klein groepportretjies uit en noem hulle op hul naam…

Nog 'n foto uit 1949 geneem.Totius omring deur oud-studente. Tydgenote, maar tog ook voorgangers van Pasch…



Babie se laaste brief in besit van skrywer-geskryf vanaf Zimbabwe (Salisbury- Suid-Rhodesië)- sy is ook jonk- soos Annie haar oudste suster ongeveer vroeg 1952

Die brief verder op die agterkant geskryf , "want Peet het gesê ek mag nie nog 'n vel papier gebruik nie- dus…"! en dan praat sy eintlik spesifiek met Leenster…"Hoe vorder dit met julle meubeltjies? Wanneer gaan jy ophou met werk, Leenster? Doen dit net vroegtydig sodat jy genoeg kans kry om te rus, want jy sal al jou kragte nodig hê. Dit kan baie bedrywig word so in die begin in 'n pastorie. Watter reëlings het julle getref vir bediendes? En is jou ma-hulle se huis al amper klaar?...Graag wil ek ook hê dat julle moet weet dat julle gedurig in ons gebede is om julle op te dra, om julle te versorg en te lei met Sy Heilige Gees, veral met die oog op die beroepe wat ontvang sal word. Dit sal 'n moeilike tydjie wees en in die gees maak ons dit met julle mee. Onthou net , Boet soos ek al so dikwels van te vore gesê het, moenie dat 'n té groot gees van offervaardigheid julle lei om die beroep met die kleinste traktement te aanvaar nie. Jou pligte teenoor jou huisgesin weeg swaar en 'n mens kan nie onverdeelde aandag gee as daar bekommernis is nie. Ten laaste, ons liefste wense en geluk met die beroepbaarstelling en daarmee saam die verwesenliking van vader se ideale. Ons is dankbaar vir soveel genade. Aan Leenster, ons opregte bewondering vir soveel opoffering, bereidwilligheid en deursettingsvermoë met jou werk en julle huwelikslewe. Met soveel

[4]'n Aangenome dogtertjie in hierdie Venter-huis.Sien foto op p.36.

grootste voorbereiding wag 'n lieflike toekoms vir julle! Ons bid vir julle Liefde groete. Peet en Babie".

Hierdie brief se beroep word ons volgende hoofstuk, want het sy suster se brief 'n afsluiting moes vorm op werklik 'n geseënde en vervulde tyd van Pasch- die laaste van hom as student in Potchefstroom en sy vroutjie Leenster wil dit lyk het in hierdie studiejare die pot vanaf Matlabas aan die kook gehou, want daar het sy vanaf 1948 op Groenvley as kraamsuster diens gedoen. Familielede van skrywer (Faan en Babs[5] Theunissen), vandag nog in Matlabas-gemeente onthou hierdie studente-jare van Pasch as volg- " Febr. 1946 is hy terug Potchefstroom toe met die oog op Teologiese studie. Daardie selfde jaar is hy ook met Leenster getroud. Sy was suster by die kraaminrigting op Groenvley. Oom Faan se jongste suster het ook destyds op Potch studeer.Sy en ds. Pasch het gewoonlik dieselfde naweke met die trein tot op Thabazimbi gekom waar oom Faan hulle gaan haal het. (Ds). Pasch het dan op Groenvley afgeklim en is weer daar opgelaai vir die terugreis…"

Hierdie studie, hierdie reise, dit wat nog dikwels kon herinner aan swaar en treine uit die vlugteling tyd het nou gestop, want die volgende waar ons weer Pasch se naam teologies-kerklik lees, is op 'n tweetal in Potgietersrus…(ons volgende hoofstuk…)

Swart skape en die radio

Maar eers het die radio ook aan die einde van 1949 oor en van hom gepraat- nie om hom weer te soek en te probeer opspoor as vlugteling nie- née hy is nie weg nie… nou kan selfs die radio van hom mooi dinge sê…In hierdie radiogesprekke het dit gegaan oor sy tweede boek wat verskyn het- "Swart skape"- en die styl en die letterkundige waarde hiervan word genoem saam met name wat die styl hulle herinner het aan iemand soos 'n D. J. Opperman…


3.12.49.

Met komplimente
van
die Uitgewersafdeling
Nasionale Pers, Beperk
Kaapstad

Geneem uit:

'n Radiopraatjie wat op 8.11.49 oor die Johannesburgse B-sender uitgesaai is.

Bewys van radiopraatjie wat op 8 Nov.1949 uitgesaai is, op die Johannesburg- B-sender na aanleiding van Pasch se boek (plaas novelle..)

Daar word gesê dat hierdie is 'n uiters aangrypende boek uit die hand van Pasch verskyn. Dit in aansluiting by "Erfplaas" van einde 1945-46. Op die radio is dan presies die volgende gesê- wat dadelik herinner aan wat Leenster in 1945 oor Erfplaas ook gesê het-…"Weet jy, as iemand jou goed ken en die boek lees is dit gedurig of mens met jouself te doen het…" Met "Swart Skape" lyk dit eintlik net nog meer die geval te wees… Die resensent was M.S.B. Kritzinger wat namens die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie nuwe uitgawes (van boeke) bespreek het…"Swart Skape deur G.B.S. Pasch (Uitgewers Nasionale Pers) het ek besonder geniet. In ons letterkundige wêreld is die skrywer nie onbekend nie, want met sy eersteling, Erfplaas, het hy die aandag op hom gevestig. Wat daarin veral bekoor het, is die liefde vir die grond en die aansteeklike arbeidslus.

Swart skape is 'n plaas novelle wat ons na Suidwes voer. Voor ons daar aangeland het, het ons Theunis, die hoofpersoon, op 'n interessante wyse leer ken. Hy is in die trein op pad na die onbekende streek waar hy plaasvoorman gaan word. Vlugtig dink hy aan sy verlede. Hy kom oorspronklik van 'n plaas in die panwêreld van die Hoëveld van Transvaal. Daar was hy skaapboer op sy vader se plaas. Die depressie het hulle egter gevang; met die lae vee- en wolpryse was daar vir hom geen vooruitsigte nie. Hy moes uitspring, al het hy die boerdery ook hoe liefgehad. In die harde padwerk teen 'n karige loon het hy geen behae geskep nie. Sy volgende vastrapplek was in die Boland as kneg. In enkele trekke laat hy hierdie boerdery vir ons leef, veral in die wingerd met die Kleurlinge. Die natuur van die streek het hom gedurig bekoor. Hy het as plaaswerker egter iets gemis: 'In die arbeid kon hy

[5]Ouer suster van skrywer (PJV) se ma- Pretorius familie.

wegsak, alles om hom vergeet, maar die grond kon nie in sy bloed kom nie. Op die Hoeveld het hy hom in di arbeid verlustig, omdat hy hom deel gevoel het van die grond, omdat hy die grond liefgehad het…'

As kultuurmens wou hy (Theunis) iets vir sy mede-knegte doen, hulle organiseer en bymekaar kry, maar hulle was te bang dat hulle hul base aanstoot sou gee.

In Suidwes is hy haastig om op die plaas te kom. Op die dorpie ontmoet hy Herklaas. Hy is 'n gegoede 'boer', eintlik spekulant, wat nie sy hande nie, maar sy kop gebruik om vooruit te kom. Hy word in die boek voorgestel as 'n man wat op die arbeid van ander teer.

Oom Hannes, die veeboer wat Theunis gaan help is iemand na die jong man se hart. Hy het onder begin en ons verneem hoe hy stap vir stap gevorder het.

Die skrywer gee (volgens Kritzinger) ons 'n duidelike beeld van die veeboerdery in daardie bosveldstreek van Suidwes. Daar word baie beeste aangehou: room en slagvee is belangrike bronne van inkomste. Maar daar is ook die karakoelskaap, die goudmyn van daardie streek. Hierdie diereliefhebber laat hulle voor ons leef. Neem maar die lammers"

'Aandagtig beskou hy die mooi lam, sy geboë neus, die egalige krul en mooi glans sy breë stert en die blink ligkolle in sy swart ogies, die blink plaatjie van sy oor en die nommer ...'

Ook aan die plaasuitleg en die daaglikse boerderyroetine word aandag gewy. Vreemd is dit daarom nie dat ons met alles saamleef nie.

Nooit word die agtergrond vergeet nie, want Theunis hou van die natuur, die groot bome met hulle geurige blomme en die welige gras van die plaas. In verband met dit alles kry ons voorbeelde van die kunstenaar se fors, beeldryke taal. Hoe laat hy ons nie die spokende jong perd sien nie. Die vergelykings is altyd uit die plaaslewe gegryp. Telkens word dit met sy vroeër boerdery vergelyk en dwarsdeur word 'n handige gebruik van die panmotief gemaak.

Gloedvol is die eerste bladsye wat aan Theunis se eie boerdery gewy word: hoe hy 'n klompie verse koop, hoe hy veral met Witlies saamleef. Sy word vir hom simbool van sy oorspronklike strewe om deur noeste arbeid 'n boerdery op te bou. Aan dié ideaal het hy egter ontrou geword, want soms het hy van Herklaas se dienste gebruik gemaak om 'n slag te slaan en vinniger te vorder. So kon hy Arbeidalus, sy okkupasieplaas, gou afbetaal en kort daarna teen 'n aansienlike profyt verkoop om die panwêreld waar Alie nog altyd is, die ou plaas los te werk.

Die romantiese element word om Alie, die geïdealiseerde plaasnooi, en Drienie, oom Hannes se dogter wat aantreklik is en modern, en baie aandag aan haarself wy, opgebou, maar bly bysaak. Dis maar net die kruie in die boek. In die plaasuitbeelding soos dit deur die oë van die geesdriftige boer gesien is, lê die waarde van hierdie aantreklike boek."[6]

Terug vanaf die skrywers wêreld waar ons volgende hoofstuk moet begin…predikant-wees…- dit wat sy eintlike roeping moes wees, al het die grond en liefde vir grond en boerdery hierdie roeping aanvanklik wou "begrawe", tog was dit waarvoor die Here hom eintlik as 17 jare al geslyp het (1932-1949) nou 'n werklikheid. Iets waaraan die Here 17 jare sou slyp en tog minder as 10 jare sou gebruik…(1950-1960)!

[6] Hierdie resensie soos woordeliks deur die SAUK weergegee was nie die enigste nie. Kyk in Bylaes (Die Hoëvelder en Desember 1949 se KOERS-uitgawe) ook na nog twee ander resensies oor dieselfde boek "Swart skape" om nog 'n beter beeld daarvan te vorm. 'n Boek so hoog aangeskryf dat dit selfs as voorgeskrewe werk in skole behandel was. Dat albei Pasch se "storieboeke" eintlik baie outobiografies van aard was ly geen twyfel nie…